# Midrash

## Mishpatim — Vrae

### Eksodus 21:1-30

1. Waarom dink jy begin hierdie stel verordeninge (mishpatim) met reëls oor slawe?
2. Hoe sluit die Haftara gedeelte Jer 34:8-22 aan by Exo 21:2-6?
3. Wat beteken Exo 21:24 “oog vir oog, tand vir tand, hand vir hand, voet vir voet” as jy kyk na die deel in Mat 5:38 wat Yeshua hieroor sê?

### Eksodus 21:31 – 22:23

4. Waarom dink jy het Abba Vader spesifieke reëls oor die hantering van diere en eiendom gegee? Hoe weerspieël dit Sy geregtigheid en orde in die samelewing?
5. In Eksodus 22:1-4 is die straf vir diefstal dikwels meervoudige vergoeding. Hoe verskil hierdie benadering van vandag se regstelsels, waar diewe net tronkstraf kry?
6. Eksodus 22:21 waarsku teen die verdrukking van vreemdelinge. Hoe weerspieël hierdie vers Abba Vader se hart vir geregtigheid en barmhartigheid?

### Eksodus 22:24 – 23:21

7. Waarteen waarsku Abba die Israeliete wanneer Hy sê: "My toorn sal ontbrand, en Ek sal julle met die swaard ombring. Dan sal julle vroue weduwees word en julle kinders vaderloos," in Eksodus 22:24?

# Midrash Vrae

## Mishpatim

### Eksodus 22:24 – 23:21

8. In Eksodus 22:28 sê Abba: "God mag jy nie laster nie, en oor 'n leier in jou volk mag jy nie 'n vervloeking uitspreek nie." Wat het hierdie twee dinge met mekaar te doen?

9. Wat moet elke sewende jaar met die land gedoen word?

### Eksodus 23:22 – 24:18

10. Wie was die ses nasies in Kanaän wat uigedryf word en hoe sou dit gebeur ?

11.Wat is die grense en grondgebied wat vir Israël beloof is ?

12. a. Wie was benoem as die uitgesoekdes wat YHVH aanskou het?

b. Wat was die volgorde van gebeure totdat Moses alleen verder op die berg gegaan het ?